
# BERGenBAAI

NG KERK CONSTANTIA/HOUTBAAI — Tweede Uitgawe – Oktober 2009

## IN HIERDIE UITGAWE:

Ons predikantspaar van 25 jaar
Constantia Jeugnuus
Die Lewende Bybel
Vriendekring funksie
Bid vir ons Sendelinge
Houtbaai Kersopvoering
Sinodale Begroting
Retraite te Schoenstatt
Finansies
Boekehoekie
Westlake projek
Straatwerk Kaapstad Uitreik
DP Marais Uitreik
Omdat ons klein is
Ds IL de Villiers


Kapel te Schoenstatt

## Onderrig in skole oor skepping en evolusie

Die kerk "onderskryf nie noodwendig bepaalde wetenskaplike teorieë nie... Ons beskou dan ook nie die Bybel as 'n handboek wat vir ons allerlei wetenskaplike uitsprake maak wat buite hierdie bundel geskrifte se historiese konteks lê nie.  Juis omdat ons respek het vir die teks van die Bybelse geskrifte, het ons respek vir die historiese konteks waarin hulle ontstaan het.

Wat die kerk wel ondersteun en bely, is 'n bepaalde geloofsuitspraak, naamlik dat God die skepper van hemel en aarde (heelal/veelal) is. Wat is, het nie maar toevallig en spontaan gebeur nie. Oor hoe hierdie skepping egter tot stand gekom het, asook die komplekse aard van al die wetmatighede waarbinne hierdie proses van skepping plaasgevind het en nog steeds ontwikkel en funksioneer, kan ons as gelowiges ons net verwonder, veral namate die verskillende wetenskaplike dissiplines dit verder aan ons ontvou."

Dit is die moderamen se oortuiging dat dit nie die bedoeling van die Bybel is om 'n wetenskaplike verslag te gee van *hoe* die skepping plaasgevind het nie, maar wel *dat* "God in die begin die hemel en die aarde geskep het" (Gen 1:1).  Na ons mening kan die twee weergawes van die skepping in Genesis 1-2 nie so uitgelê word asof dit 'n evolusionêre ontwikkeling oor 'n lang tyd uitsluit nie. Net so min, glo ons, kan Genesis 1-2 geïgnoreer word deur 'n gedagtegang wat die skepping voorhou as `n natuurlike en spontane ontstaansgebeure waarby God nie betrokke was of is nie.

Die moderamen spreek daarom:

- sy hartseer uit oor gelowiges wat Genesis 1-2 misbruik om ander Christene te beswadder wat die gedeelte anders as hulleself verstaan,
- en sy bekommernis uit oor enige leerplan in skole wat 'n soort skeppingsteorie aan kinders leer wat die oortuiging ondermyn dat God die skepper van die heelal is.

**(Verklaring van 24 Junie 2009 deur die Moderamen van die Algemene Sinode)**

# ONS GESELS MET ... ons predikantspaar van 25 JAAR

Vyf-en-twintig jaar is 'n lang dienstermyn in een "maatskappy". Dit is iets om te vier deur terug te kyk en na te dink.

**Gee ons eers 'n bietjie van 'n terugblik op die "Voorgeskiedenis". Waar gebore, groot geword en skool gegaan?**
Uys: *Ek is in die Paarl gebore, het daar op die Therons se familieplaas grootgeword en het aan die Hoër Jongenskool ("Boishaai") matrikuleer.*
Elmarie: *In Tulbagh gebore en skool gegaan en op die plaas Erfdeel in die skilderagtige Winterhoek grootgeword.*

**Ons weet wat Uys gaan doen het na skool. Elmarie wat het jy op Stellenbosch studeer?**
*Ek het 'n onderwysdiploma in Huishoudkunde en Naaldwerk (ODHN) en 'n onderwysdiploma in Drama verwerf.*

**Het julle op Stellenbosch ontmoet?**
*Ja, ons het albei in die kerkkoor van die Studentekerk gesing en was kampouers van 'n Transkeiwerkerspan. Dis maar waar die dinge begin het!*

**Op watter stadium is julle getroud – na die kweekskooljare, of tydens die kweekskooljare?**
*Dit was aan die einde van die eerste kwartaal van Uys se finale jaar.*

**Hoe het die paadjie daarna verloop?**
*Ons eerste beroep was na Matatielle en daarna het beroepe na Durban-Suid, George-Suid, Mosselbaai-Suid en Bredasdorp gevolg. Die keuse het toe op George-Suid geval waar my ma my toga vir my in Februarie 1974 omgehang het.*

**As julle terugdink, wat staan vir julle uit van die tyd in George?**
Uys: *Aanvanklik was ons tweetjies 'n bietjie verdwaal in die dubbelverdieping pastorie. Op die groot erf was daar ook nog 'n koeistal (wat ons toe nooit benut het nie!) Ek het 'n bietjie vir die dorp hokkie gespeel en 'n tyd lank die dames hokkiespan afgerig. Die gemeente het baie kinders en werkende jeug gehad en ons het baie gekamp, gaan stap in die mooi omgewing en ook 'n konsert op ons eie aangebied! Die gemeente het net voor ons vertrek 'n derde leraar bygekry en toe ons al weg was, het afstigting plaasgevind. Ons het ook daar 'n telefoonbediening gehad en vakansietyd dienste in die Inryteater en op Heroldsbaai gehou.*
Elmarie: *Du Toit en Aletta Nepgen was ons eerste medeleraarspaar en ons kon nie vir beter gevra het nie. Hulle was baie simpatiek en ondersteunend. Dis ook waar ons eersteling, Judith, in 1976 gebore is. Ek het baie goeie vriendinne daar gehad, o.a. twee blinde susters in ons Bybelstudiegroep.*

**...en van die tyd in Worcester?**
Uys: *Worcester was ook 'n groot gemeente met 'n derde leraar wat later bygekom het. Die jeugaksie was ook baie aktief en ons het gereeld gaan kamp. Ek het vir die dorp tennis gespeel en dit baie geniet. Die gemeente het op 'n keer boeresport gehou en ek is nou nog vies vir my veel ouer kollega wat my die dag gewen het! (hy het natuurlik te vroeg weggespring …) Ons het daar vir die eerste keer met wyksbyeenkomste begin. Die aanddienste en Pinksterbidure is daardie dae nog goed bygewoon. Soos in die vorige gemeente, was ons baie geseënd met ons kollegas en hulle vrouens - Gideon en Sally Nieuwoudt en later ook Phanus en Marinda Bester en ons het heerlik saamgewerk.*
Elmarie: *Jannie en Lize is albei op Worcester gebore en Judith het daar begin skoolgaan. Die Vrouediens was baie bedrywig en het hard gewerk om fondse in te samel deur basaars, spyseniering en klereverkopings. Ek was ook baie betrokke by die Kinderkrans. Dit was vir my baie lekker om deel te kon wees van 'n dorpskoor.*

**As mense met grotendeels net ondervinding van die platteland moes die trek na die stad sy eie uitdagings vir julle ingehou het. Wat was julle eerste indrukke van die stad as 'n blyplek, nie net 'n plek om te besoek nie?**
Uys: *Die stad bied natuurlik baie groter verskeidenheid - solank jy weet waar om te soek. Op die ander dorpe kon jy jou motor op een plek parkeer en vandaar al jou besigheid doen. Met een hospitaal per dorp was die besoek van lidmate ook baie minder tydrowend as in die stad met sy swetterjoel hospitale en druk verkeer.*
Elmarie: *Ek was aanvanklik taamlik bang vir die verkeer op al die onbekende paaie, maar dit was ook 'n lekker gevoel om dit na 'n tyd te kon baasraak! Hier was so baie plekke (nie net winkels nie!) om by uit te kom.*

**Daar in Worcester, hoe het julle gevoel oor die beroep na Constantia, was dit 'n uitdaging of was dit meer van 'n nagmerrie wat julle slapelose nagte gegee het?**
Uys: *Ek het myself tot op daardie stadium nog gesien as 'n lewenslange plattelandse dominee en geswore medeleraar-tipe. Die beroep na Constantia het dus heeltemal buite hierdie raamwerk geval. Ek moes terselfdertyd 'n beroep na Aasvoëlkop toe oorweeg. Destyds het predikante nog nie aansoek gedoen vir poste nie. Dit was selfs vir my kollega 'n verrassing toe ek die beroep hierheen aanvaar het. Ek het wel 'n paar nagmerries gehad oor die "hoë kansel" - seker omdat ek in Isak de Villiers se skoene moes kom staan! Maar dit was vir my 'n uitdaging.*
Elmarie: *Ek het swaar afskeid geneem van veral een baie goeie vriendin. Ek het ook geweet ek gaan dit mis om nie 'n medeleraarsvrou te hê nie. As dit net van my moes afhang, sou ek op daardie stadium liewer nog in Worcester wou gebly het.*

**En wat was julle eerste indrukke van die gemeente?**
<u>Uys en Elmarie:</u> *Die mense was toe baie meer plattelands as wat ek verwag het. Ons is baie hartlik en vriendelik ontvang. Ons het gou agtergekom dat baie lidmate baie bekwaam is en in staat is om projekte selfstandig te hanteer. Dit was lekker om te sien hoedat hulle inisiatief neem en om dinge met vertroue te kon delegeer. Hulle het ons soos gewone mense behandel en ons nie op 'n troontjie geplaas nie.*

**Vertel ons so bietjie van die jare wat verby is. Dit het sekerlik aanpassing geverg om in die nuwe omgewing tuis te raak - wat was die moeilikste, en wat die maklikste aanpassings om te maak?**
<u>Uys en Elmarie:</u> *Dit was nogal 'n aanpassing om van 'n driemansgemeente "af te skaal" na 'n eenpersoons-gemeente, maar oor die algemeen het ons nie te veel gesukkel nie. Ons moes natuurlik ook aan al die Engels gewoond raak. In Worcester was daar een huisgesin waar ek twv die vrou moes Engels praat, maar ek het gesorg dat ek nie meer as een keer per jaar daar huisbesoek doen nie! Die openheid van die meeste lidmate en van veral die kerkraad het ons wonderlike geleenthede gegee om nuwe dinge te probeer en om goed soms anders as gewoonlik te doen. Die gees op die kerkraadsvergaderings was deur al die jare vir my iets baie besonders. Hulle ondersteuning en wysheid het baie gehelp om die aanpassings glad te laat verloop. Die feit dat die gemeentekinders in soveel verskillende skole was, het dinge bemoeilik. Ons het ook gevind dat die kompetisie op Sondae hier baie groter is as op die platteland. Hoewel die bywoning van die eredienste swakker is, kan jy aanvaar dat diegene wat daar is werklik daar WIL wees, want hulle kon honderd ander dinge gedoen het.*

**Wat van kinders grootmaak in die stad? Was dit baie verskillend van hoe julle dit sou verwag het in 'n plattelandse omgewing?**
<u>Uys en Elmarie:</u> *Die voordeel in die stad was dat ons kinders nooit die etiket van "domineekinders" gekry het nie. Ons is dankbaar vir die blootstelling wat hulle hier aan Engels ontvang het. Dit kom hulle baie handig te pas om goed tweetalig te wees.*

**Die trek na die nuwe pastorie en die gesetel raak - het dit maklik gegaan?**
<u>Uys en Elmarie:</u> *Dit was eintlik 'n hoogtepunt. Die feit dat ons kon deel wees van die beplanning het baie daarmee te doen gehad. Ons het die gesindheid van die gemeente baie waardeer, hoewel 'n paar beswaard was oor die koste. Agterna beskou, was dit 'n uitstekende belegging. Dit is nog elke dag vir ons 'n groot voorreg om hier te mag woon.*

***Het julle ooit gedink dat julle 25 jaar hier sou kon uithou? Hoe het julle in die begin verwag dat julle toekoms sou lyk ná Constantia?***
<u>Uys:</u> *In my vorige gemeentes het ek gemiddeld 5 jr gebly. Ek het dus vir myself 5 jaar tyd gegee om te doen wat ek in Constantia wou doen! Op daardie stadium was beroepe nog volop en was dit 'n realistiese skatting.*
<u>Elmarie:</u> *Dit is lekker dat die kinders nie weer van skole hoef te verander het nie.*

**Mens aanvaar dat die kere dat daar beroepe na ander gemeentes aan julle gerig was, dat julle die besluit om te bly of te gaan onder die leiding van die Heilige Gees geneem het. Tog wonder mens of daar iets was aan Constantia wat gehelp het om die skaal na die kant van Constantia te laat trek. (Julle het darem 25 jaar hier uitgehou ...)**
<u>Uys:</u> *Ek het elke keer gevoel dat daar nog moontlikhede in die gemeente is wat wag om deur my ontgin te word. Waarom sou ek dan na 'n ander gemeente gaan? Hier is altyd nog iets om te doen, te ervaar en te probeer en die gemeente gee jou die ruimte daarvoor. Natuurlik het die wyse waarop die lidmate ons behandel het, ook daarmee te doen gehad. Dit is lekker om te werk as jy nie gedurig op jou pasoppens hoef te wees nie en selfs waardering kry vir jou pogings. Ons en die kinders het mettertyd ook baie goeie vriende gemaak en lief geraak vir die pragtige omgewing.*

**Na vyf-en-twintig jaar is daar sekerlik 'n staaltjie of twee wat julle met ons kan deel - of dalk nie net van die tyd hier in Constantia nie, maar ook vroeër?**
<u>Uys:</u> *Ja, daar was die aand wat ek by lidmate wat nooit die eredienste bygewoon het nie, huisbesoek gedoen het. Ek was toe al sowat 'n jaar lank in die gemeente. Nadat ons so 'n kwartier oor koeitjies en kalfies gesels het, vra die man my: "Nou meneer, wat kom maak jy nou eintlik hier?" Toe ek hom vertel, was sy verweer: "Maar ds lyk darem baie anders op die kansel!"*
*Iemand anders het by die pastorie kom aanklop vir geld. Hy bedank my eers vir die vorige Sondag se mooi preek. Ek het geweet hy was nie in die diens nie, want in 'n klein gemeentetjie kom jy maklik agter as daar 'n vreemdeling in die diens is. Ek vra hom toe hoe die koor vir hom geklink het. "Dit was fantasties!" antwoord hy – min wetende dat die koor nie opgetree het nie…*
*Ek en die ouderling is op 'n keer (gelukkig net een keer) by 'n huis uitgejaag. By 'n ander geleentheid waar daar 'n familie-relletjie was, het hulle weer toe ek inkom, die deur agter my toegesluit en my soos Daniël in die leeukuil laat voel!*

**Watter raad sou julle een dag vir julle opvolgers wou gee wat sal help om die lewe makliker te maak hier?**
<u>Uys:</u> *Wees lief vir die mense en behandel hulle met respek. Geniet jou voorregte en maak die beste van elke geleentheid!*
<u>Elmarie:</u> *Geniet die Teddiebeerfees- dis baie spesiaal!*

# CONSTANTIA JEUGNUUS

Nog ‘n kwartaal is verby en ons is baie dankbaar vir al ons seëninge en genade wat ons uit die Heer se hand ontvang het.

Die Jeugkommissie en kinders moes afskeid neem van Tilla Botha wat weens werkdruk nie meer deel van die kommissie kon wees nie. Ons wil haar bedank vir al haar insette en hulp oor die afgelope jare. Marinda van der Berg word verwelkom as nuwe lid en leier by die Kleuter- en kinderkerk. Marinda benodig ook nog hulp met mense wat lessies wil aanbied vir die kinders in die kleuter- (gedurende kerk tyd) & kinderkerk (gedurende die 2de helfde van die erediens).

Daar is so baie dinge wat ons as selfsprekend aanvaar, byvoorbeeld ons sig of ons gehoor. Op Sondag 30 Augustus – Bybelsondag, het die Jeug ‘n muntlegging vir Braille Bybels gedoen waar hulle geld ingesamel het vir Blinde SA. R1,294.81 is ingesamel en ons wil elkeen bedank wat ons projek ondersteun het.







Blinde SA het vir ons die alfabet en die Stem in Braille gestuur wat ons by die deure uitgedeel het (as enige iemand nog daarvan soek, daar is nog beskik-baar). Bedelaars Tommie & Jaimie Fowler en Johan de Waal het by die deure gestaan met hulle blikkies, donker brille en stokke. Na die diens, terwyl die ouers koffie/tee gedrink het, het die kinders die gevoel beleef hoe dit is om blind te wees en hulle was geblinddoek met hulle dasse. Verskeie voorwerpe was aan die kinders uitgedeel en hulle moes voel en raai wat dit was.

Toe het die groot werk begin….. al die munte is uitgepak op die grond. Daar was ook ‘n kompetisie tussen die kinders om te sien wie die naaste was aan hoeveel geld op die grond uitgepak was.



‘n Ander hoogte punt was die ysskaats by Grand West waar oud en jonk heerlik saamgeskaats het. Baie dankie aan almal wat die kinders vervoer het.

Die laaste kwartaal van die jaar gaan baie vol wees. Eerste op die agenda is die Talentaand met Ricka Booysen as gaskunstenaar. Die fondse wat ons wil insamel gaan vir die opgradering van die kinder-kamer in die saal. Ons wil dit kindervriendelik maak deur dit uit te verf en Noag se ark op die muur te verf. Ons wil ‘n swartbord en ‘n filtbord aanbring teen die muur. Ons benodig ook ‘n kas/staalkabinet met laaie om die verskeie items in te stoor. Skenkings sal waardeer word.

Die jeug wil baie graag die kwartaal uitreik na ons senior burgers in die ouetehuise. Ons beoog om hulle te verras met ’n kersspel. Ons vra u voorbid-ding vir die nuwe uitdaging/projek.

U word ook harlik uitgenooi na ons Kategese-afsluiting op die 6de Desember 2009 direk na die oggenddiens.

Ons vra ook voorbidding vir elke kind en ouer in ons kerk. Ons kinders is onder baie druk in die skole en die Christenkinders word baie keer gespot of geteiken.

Groete in Jesus
Rina de Waal
(Jeugleier Constantia)



**Plofbare raad:**
’n Man het eendag vir sy seun die raad gegee dat as hy lank wil lewe, moet hy elke oggend ’n bietjie buskruit oor sy ontbytpap strooi. Die seun het dit ter harte geneem en het toe 93 jaar oud geword.
Toe hy uiteindelik gesterf het, het hy 14 kinders, 28 kleinkinders en 35 agterkleinkinders nagelaat, tesame met ’n vyf-meter gat in die krematorium se muur.

# DIE LEWENDE BYBEL

Sy naam is Billy. Hy het woeste hare, dra 'n T-hemp met gate in, jeans en geen skoene. Dit was letterlik sy hele klerekas vir die hele vier jaar op kollege. Hy is briljant en baie slim. Hy het 'n gelowige geword terwyl hy op kollege was.

Oorkant die straat van die kollege kampus was 'n baie netjiese en baie konserwatiewe kerk. Hulle wil 'n bediening begin vir die kollege studente maar weet nie regtig hoe om dit te begin en deur te voer nie.

Eendag besluit Billy om die diens in die kerk by te woon. Hy stap kaalvoet die kerk in met sy gewone T-hemp, jeans en wilde hare. Die diens het reeds begin en Billy het in die paadjie afgestap opsoek na sitplek in die kerk.

Die kerk was vol gepak en daar was nie 'n enkele sitplek beskikbaar nie. Van die gemeentelede lyk al redelik ongemaklik oor die student maar niemand sê 'n woord nie.

Billy kom al nader en nader aan die preekstoel en toe hy besef dat daar geen sitplek beskikbaar is nie, maak hy homself tuis op die mat voor die preekstoel.

Teen die tyd is die gemeentelede alreeds baie opgetrek oor die situasie en die atmosfeer is al so dik jy kan dit amper met 'n mes sny.

Op die stadium besef die prediker dat een van die ouderlinge, van heel agter in die kerk, oppad is na Billy.

Die ouderling is reeds in sy tagtigs, het silwer-grys hare en 'n drie-stuk pak aan. 'n Godvresende man, baie elegant, statig en hoflik. Hy stap met 'n kierie en terwyl hy sy weg baan na die jongman sê elkeen vir hulself dat hulle nie die ouderling kan kwalik neem vir dit wat hy van plan is om te doen nie.

Hoe kan jy verwag van 'n man van sy jare en agtergrond om 'n jong student wat op die mat sit te verstaan?

Dit neem die ouderling 'n lang ruk om uitendelik die jongman te bereik. Die kerk is doodstil behalwe die geklik van die ouderling se kierie op die vloer. Alle oë is vasgenael op hom en die gemeentelede haal skaars asem. Die prediker kan nie eens aangaan met die preek tot die ouderling gedoen het wat hy moes doen nie.

Toe die ouderling by die jongman kom laat val hy sy kierie op die mat langs die jongman. Met groot moeite sak hy af en gaan sit langs Billy om te aanbid sodat die jongman nie alleen sal wees nie.

Die hele gemeente voel hoe die emosies in hul opswel.

Toe die prediker uiteindelik beheer oor sy eie emosies het, sê hy: "Wat ek vandag gaan preek, sal julle nooit onthou nie. Wat julle so pas gesien het, sal julle nooit vergeet nie."
"Wees versigtig hoe jy leef. Jy mag dalk die enigste Bybel wees wat sommige mense ooit sal lees."


*Ingestuur deur Cees Luijk*

# VRIENDEKRINGFUNKSIE


**Enigeen wat graag wil kom is baie welkom – jy hoef nie oud of op pensioen te wees nie – jy moet net lus wees om saam met ander mense te kuier – DIS AL!!**

**Kom geniet hierdie spesiale geleentheid!**

- **Wanneer? Vrydag 20 November 2009**
- **Hoe laat? 11:00 – 12:30**
- **Waar? NG Constantia Kerksaal**
- **R.S.V.P Magda (kerkkantoor) 021 712 1682**







# BID VIR ONS SENDELINGE!

*Volhard in die gebed! Wees daarby waaksaam en dankbaar en bid tegelykertyd ook vir ons.*
Kol 4:2-3

Ons het onlangs 'n behoeftebepaling onder ons sendelinge gedoen. Een van die afdelings het gegaan oor 'n aanduiding wat hulle waardevol sou laat voel. Hulle het meestal gebed as nommer een keuse aangedui. Ons sendelinge weet dat hulle nie sonder gebed sal kan staande bly nie.

Hoe kan ons vir ons sendelinge in gebed volhard? Hier is 'n gids vir een week:

**SONDAG – GEESTELIKE LEWE**
Baie van ons sendelinge het nie toegang tot 'n kerk soos ons nie. Hulle is die preek. Soms raak hulle geestelik droog omdat hulle dikwels nie genoeg tyd het om behoorlik by die Here stil te raak nie. Hulle word ook aan geweldige 'donkerheid' en onderdrukking blootgestel.

Bid dat die Heilige Gees hulle opnuut sal bedien en dat hulle diep intimiteit met die Here sal geniet: lees Ef 3:14-20

**MAANDAG – HUWELIKE EN GESINSLEWE / ENKELINGE**
Groot druk word soms op ons sendelinge se huwelike en gesinslewe geplaas deur bedieningsvereistes soos gereelde reise en finansiële tekorte. Dikwels moet gesinne ook groot aanpassings maak om by hulle veldkulture in te pas. Kinders word blootgestel aan vreemde gebruike en godsdienste en 'n lewenstyl wat as 'abnormaal' beskou kan word. Vroue beleef soms groot spanning in die manlik-oorheersde kulture, waar sy nie toegelaat word om haar volle potensiaal uit te leef nie.

Enkelinge ervaar baie keer intense alleenheid in die veld. Hulle is baie afhanklik van diep gewortelde vriendskappe wat nie altyd daar bestaan nie. Veral enkel dames word soms met minagting behandel omdat hulle nie 'kinders' het nie.

Bid dat die Here hierdie mense wat sulke groot risiko's neem en lewensregte opoffer, styf sal vashou en elke bekommernis en aanslag sal afweer:

*Die Here God is ons krag en ons beskerming, die Here gee genade en eer, Hy weerhou die goeie nie van dié wat reg lewe nie. Here Almagtige, dit gaan goed met die mens wat op U vertrou!*
Ps 84:12

**DINSDAG – SPANLEWE EN MEDEWERKERS**
Weet jy dat gebroke spanverhoudings soms die grootste rede is hoekom sendelinge uit die bediening gaan? Sendelinge kan maar harde koppe hê om in die sendingveld te kan oorleef. Dit is nog moeiliker binne kruiskulturele spanne. Spaneenheid is die duiwel se gunsteling aanvalshoek. Soms is leiers ook nie bekwaam genoeg vir hulle taak nie en kan groot skade aanrig.

*Kyk hoe goed en hoe lieflik is dit dat broers ook saamwoon! ... want daar gebied die Here die seën, die lewe tot in ewigheid.* Ps 133:3

**WOENSDAG - BEDIENING**
Sendelinge word gekonfronteer met situasies en uitdagings wat wysheid benodig en waarvoor daar geen opleiding beskikbaar is nie. Soos Paulus van ouds ook versoek het, moet ons gedurig bid vir oop deure, guns op die sendingveld en dat hulle op effektiewe en nuwe maniere die evangelie sal verkondig. Hulle kan nie op hulle eie dien nie en het die ondersteuning van gelowiges nodig om hulle met advies, logistieke ondersteuning en bemoediging te bedien.

*Bid dat God vir ons 'n deur vir die woord oopmaak sodat ons die geheimenis van Christus kan verkondig waarvoor ek hier gevange is. Bid dat ek dit duidelik sal verkondig soos dit my opgelê is.*
Kol 3:3-4

**DONDERDAG – BEDIENINGSVELD**
As die Here nie die harte voorberei nie, sal 'n sendeling tevergeefs die saad saai. Dié voorbereiding kom net deur gebed. Ons moet onthou dat ons sendelinge met mense werk wat elkeen vir God kosbaar is. Soms is daar geestelike vestings soos afgodsaanbidding, immoraliteit, materialisme, ensomeer, wat keer dat mense kan deurbreek of 'n honger vir God het. Sendelinge kom te staan teen hierdie geestelike obstruksies wat heers oor volke en dit kan selfs die sendelinge mettertyd beïnvloed. Bid ook dat die Here aan hulle die nodige visums sal voorsien sodat regeringsamptenare nie in die evangelie se pad sal staan nie.

*Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan.* Ef 6:12-13

**VRYDAG – GESONDHEID/FISIESE BEHOEFTES**

Een van ons sendelinge se grootste uitdagings is om 'n gebalanseerde lewe te lei met duidelike grense tussen hulle private lewens en bedieningsvereistes. Uitbranding is 'n groot probleem en heel dikwels is dit ons enkeling-sendelinge wat nie genoeg tyd neem vir hulleself nie. Dit kan lei tot gesondheidsprobleme. Baie sendelinge werk in areas waar hulle aan siektes soos malaria en disentrie blootgestel word, soms het hulle nie die finansies om aan 'n mediese skema te behoort nie en verwaarloos hulle hul gesondheid. Sommige van hulle sukkel om oefening te kry wat vir hulle lekker is, want dis 'kultureel onaanvaarbaar', soos dames in Moslem-lande. Bid ook vir hulle beskerming teen rampe en ongelukke.

*Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref kom dus van God, nie van ons nie. Die sterwe van Jesus dra ons altyd saam in ons liggaam. ...Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe.*
2 Kor 4:7, 10, 16

**SATERDAG – MATERIËLE VOORSIENING**

Sendelinge het behoeftes net soos enige ander lid van die gemeenskap. Sommige sendelinge se begroting weerspieël 'inkomstes' en 'uitkomstes'. Die kinders voel baie keer afgeskeep omdat hulle nie kan byhou met hulle nefies en niggies in ander lande nie.

Vakansies word gewoonlik eerste ingeboet. Sendelinge maak dikwels nie voorsiening vir aftrede nie en kan nie risiko-voorsiening bekostig nie. Bid dat die Here in al hulle behoeftes sal voorsien – dit wat op die behoeftelyste is en dit wat op hulle wenslyste is.

*Help hulle asseblief vir hulle verder reis op 'n wyse soos God dit verwag, want hulle is op reis om Christus te verkondig, en hulle ontvang niks van die heidene nie. Dit is dus ons plig om sulke mense te onderhou, sodat ons daardeur ons deel kan bydra tot die verspreiding van die waarheid.*
3 Joh: 6-8

**deur René Rossouw**
**(Oorgeneem met toestemming uit Op Pad Junie 2009, Moreleta Park)**

# HOUTBAAI KERSOPVOERING

**SONDAG 29 NOVEMBER 2009, 09:30**
**(TYDENS OGGENDDIENS)**
Met 'n uur van drama en musiek bied d'ProProduksies ons die geleentheid om geld in te samel vir 'n gemeenskapsdiensprojek van ons keuse.
Hou die bulletin dop vir meer inligting.

KOM ERVAAR
'N KERSBOODSKAP
MET 'N VERSKIL –
EN MAAK 'N VERSKIL
IN ONS GEMEENSKAP



**"Tussen gewone mense daardie aand"**
**Uit Abraham H. de Vries se kortverhaalbundel *Onder hoë sterre***

"Dis die storie hierdie van 'n onbegryplike Oukersaand op ons dorp in die Klein Karoo. Na wat daar by die Keurbosch-padstal en die Makkadas-kafee gebeur het, is niemand meer dieselfde nie. 'n Mens kan mos nie vir jou eie oë en ore sê hulle bedrieg jou nie."

Hierdie verhaal, wat op Ladismith afspeel, wil ons eintlik weer van die misterie van Kersfees bewus maak, of dit nou Kersgebeure in die Klein Karoo of waar ook al is. Die Kersprogram wil ook vir elkeen die geleentheid skep om self te besluit – weer of vir die eerste keer – Wie nou eintlik in beheer van alles is.

**Donasie:**
**Volwassenes R50, kinders onder 12 jaar R20**
**Kaartjies beskikbaar by die Kerkkantoor (Constantia, 021 712 1682)**
**of Marius Vorster (Houtbaai, 021 790 2511)**

# SINODALE BEGROTING 2009/10

**Die geld wat die Sinode van Wes-Kaap vanaf die gemeentes ontvang, word soos volg aangewend:**

| BESTAANDE VERBINTENISSE | BEGROTING 2009/10 BEDRAG 2009/10 | % 2009/10 |
|---|---|---|
| **Getuienis Verwant:** | **5,644,080** | **30.00%** |
| Getuienis (KGA) | 4,872,722 | 25.90% |
| Jode/Anderstaliges | 206,950 | 1.10% |
| Hulp aan VGK | 564,408 | 3.00% |
| **Barmhartigheid Verwant:** | **3,762,720** | **20.00%** |
| SKDB (insl BADISA) | 3,367,634 | 17.90% |
| Kliniese Pastorale Dienste (Hospitaal) | 395,086 | 2.10% |
| **Diens aan Gemeentes** | **6,189,675** | **32.90%** |
| **Communitas:** | | |
| - Navorsing en VBO | 583,222 | 3.10% |
| - Konsultasie en Gemeentebediening | 837,205 | 4.45% |
| - Predikantebediening | 931,273 | 4.95% |
| - Jeug | 502,323 | 2.67% |
| - Gemeente-ontwikkeling (GKS) | 752,544 | 4.00% |
| **Studentebediening** | 720,561 | 3.83% |
| **Teologiese Opleiding** | 357,458 | 1.90% |
| **Kommunikasie** | 677,290 | 3.60% |
| | | |
| **VGK: SKP** | 150,509 | 0.80% |
| | | |
| **Nuwe Prioriteite** - Ringsprojekte ea | 188,136 | 1.00% |
| - Hulp aan gemeentes | 103,475 | 0.55% |
| - Armoede | 51,737 | 0.28% |
| - Leierskapontwikkeling | 51,737 | 0.28% |
| - Kerkhereniging met VGK | 282,205 | 1.50% |
| **Ondersteuningsdienste:** | **3,217,125** | **17.10%** |
| Sinode (Algemeen en Streek) | 1,241,698 | 6.60% |
| Moderatuur | 282,204 | 1.50% |
| Argief | 357,458 | 1.90% |
| Administrasie | 1,335,765 | 7.10% |
| **Totaal (Inkomste uit SA's):** | **18,813,600** | **100%** |

## RINGSNUUS

Behalwe ds Vernon Louw wat aftree, is daar ook ander verwikkelinge in die Ring van Wynberg wat predikantsposte betref.


In Plumstead het ds Usher Henn ook onlangs sy emeritaat aanvaar. Ottery het 'n emeritus wat in Skotland afgetree het en nou in Simonstad woon, ds Ben Pieterse, beroep tot Februarie 2010. Zwaanswyk beplan om eersdaags weer 'n voltydse predikant te beroep.

Volgens die verslae wat voor die Ringsitting gedien het, het die getal doop- en belydende lidmate in die Ring die afgelope jaar met 693 afgeneem.

Wat Constantia betref, is die huidige lidmaattal 562 teenoor 547 die vorige jaar. Die belydende lidmate het in werklikheid toegeneem.

Die persentasie bywoning van ons eredienste is een persent bokant die gemiddelde.

Dr Danie Nel is weer Rings-voorsitter en ds Kobus van Zyl is ons konsulent.



**Dr Danie Nel**

# RETRAITE



Die jaarlikse Retraite naweek het hierdie jaar by Schoenstatt in Constantia op die terrein van die katolieke klooster plaasgevind.



Almal wat die naweek bygewoon het is dit eens dat dit werklik 'n verrykende ervaring was. Dr Riaan van der Merwe was vir die vierde maal ons programleier. Sy tema vir die naweek: "Wees die persoon wat jy werklik wil wees" was, tenspyte van uiteenlopende agtergronde en omstandighede, tog vir elke deelnemer reg in die kol.

Dr Riaan het weer die noodsaaklikheid van stilte vir ons geestelike groei by ons tuisgebring. In ons haastige, lawaaierige bestaan het ons heeltemal verleer hoe om God in die stilte te hoor (1 Kon 19:12) en dit is by uitstek wat so 'n naweek weer vir mens laat ondervind.

Die Schoenstatt tuin was 'n lente lushof wat ons saam met tarentale en kolganse gedeel het. Die goeie weer het toegelaat dat ons die tuin ten volle kon geniet en die kapelletjie op die terrein was 'n verdere pluspunt.

Die naweek het ons weer tot stilstand gedwing om te erken: dit gaan nie om my nie, maar oor God.

*Ps 16 Vs 6: "'n pragtige deel is vir my afgemeet - wat ek ontvang het is vir my mooi"* Maak nie saak nie of ek swak of moeg is - God gee my altyd weer krag. *Die lewe gaan nie oor my nie - dit gaan oor God!* - Lieske

**Ander opmerkings oor die naweek:**

Dit is die beste ding wat nog hierdie jaar met my gebeur het - ek het dit SO NODIG gehad. Ek het nie geweet wat die tema sou wees nie - en dit was "spot on"!! Ek voel ook dat die manier hoe Riaan dit hanteer ook 'n groot verskil maak - Hy doen dit rustig, sonder oordeel of vooroordeel en lei mens net met die regte hoeveelheid woorde.




Hierdie naweek was vir my van groot betekenis daar ek dieper in myself kon kyk, die jakkalsie wat my irriteer in myself kon uitsorteer en dit agter my kon plaas. Ek vertrou my Heer daarmee.Die terrein was fantasties. Was goed om nader aan jou bestemming te wees.(het nie verdwaal nie!)



Dit het my werklik tot stilstand gebring en my weer hoop gegee vir my verhouding met God.







# FINANSIES

Rentmeester beteken om 'n bestuurder van ander se eiendom te wees. Ons as gelowiges is bestuurders van alles wat die Here aan ons gegee het en omvat die vier G's:

**<u>G</u>awes** (jou talente)
**<u>G</u>eleenthede** (jou tyd)
**<u>G</u>eld** (jou goed)
**<u>G</u>rond** (die aarde en alles daarop)

Rentmeesterskap is 'n meer omvattende saak wat die totale prentjie van gemeente-wees beskryf. Die Bybel se uitgangspunte moet dien as ons grondslag en verwag dat ons onsself eers aan die Here gee en daarna ons offers in die vorm van die vier G's.

Rentmeesterskap begin deur lidmate wat vanuit hul geloofsoortuiging, hul kennis en goddelike ervaring met mekaar deel, sodat die lewe binne die gemeente-opset beter kan wees. Sonder hierdie visie sal min lidmate hul lewens en beursies meer omvattend aan die Here gee. Dit sluit ook aan by ons visie: "Herstel Eden deur die krag van Jesus".


Voordat ons oor finansiële rentmeesterskap kan begin praat moet ons eers "vernuwend" dink.
Vir baie jare is die onderwerp rondom rentmeesterskap binne 'n gemeente opset afgeskeep. Die kerk was op 'n pad van "instandhouding" en lidmate het 'n "aangebore" lojaliteit gehad teenoor die kerk. Finansieël het die kerk oorleef en derhalwe was bybelse beklemtoning omtrent rentmeesterskap nie nodig nie. In hierdie tyd moet lojaliteit verwerf word en waar ons kerk met 'n missie en visie leef, word finansiële rentmeesterskap baie belangrik.


Hierdie vernuwing moet ook by die Kerkraad en onderskeie Wyksrade plaasvind. Ons moet van 'n "armoede kultuur" weg beweeg na 'n "visie kultuur" en só ook van 'n "instandhoudings-kultuur" na 'n "roepingsgedrewe" gemeentelewe. Hulle wat leiding neem moet self ook gehoorsame rentmeesters wees en dit modelleer! 'n Gemeente sal self groei wanneer die Kerk en sy leiers, lewe en gee na buite.


Dit is ook die Kerkraad en onderskeie Wyksrade se plig om die volgende aspekte oor te dra:

- om lidmate vanuit die Woord te herinner aan hul roeping as rentmeesters,
- om lidmate aan te spoor om God ook deur hul dankoffers te verheerlik,
- om lidmate op te voed om self verantwoordelikheid vir hul dankoffers te neem en laastens,
- om lidmate gereeld in te lig oor die stand van die Kerk se finansiële sake.

Ter aansluiting by die laaste punt, volg hier nou 'n paar statistieke en syfers aangaande ons finansies:






| | Mrt | Apr | Mei | Jun | Jul | Aug |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Dankoffer Inkomste (2008-09) | R 43,842 | R 56,020 | R 52,260 | R 59,700 | R 44,570 | R 43,670 |
| Dankoffer Inkomste (2009-10) | R 58,545 | R 70,406 | R 48,480 | R 53,170 | R 68,181 | R 71,862 |
| % Bydraende Lidmate (2008-09) | 25% | 24% | 24% | 24% | 22% | 21% |
| % Bydraende Lidmate (2009-10) | 34% | 33% | 36% | 34% | 26% | 28% |

Maand


## Ter opsomming, ons finansiële situasie vir die 2009/10 boekjaar, vir die periode Maart – Augustus 2009, lyk soos volg:

- totale Begrote Inkomste (2009) = R 598,912
- **totale Werklike Inkomste (2009) = R 533,491 (R 24,091 minder as verlede jaar!)**
- totale Werklike Inkomste (2008) = R 557,582

- totale Begrote Uitgawes (2009) = R 625,208
- **totale Werklike Uitgawes (2009) = R 534,474 (R 97,821 minder as verlede jaar!)**
- totale Werklike Uitgawes (2008) = R 632,295


- **totale Werklike Tekort (2009) = R 983**

# BOEKEHOEKIE




### *The Negotiator* – Dee Henderson

Hierdie roman is die eerste boek in 'n reeks oor die O'Malley familie. Kate O'Malley is 'n onderhandelaar wat in gevaarlike gyselaars situasies werk. Sy is deel van 'n "familie" wat bestaan uit sewe weeskinders wat saam groot geword het en nou as volwassenes steeds mekaar se belange op die hart dra.
Gedurende die ondersoek na 'n rooftog, ontmoet sy vir Dave Richman, 'n FBI-agent en 'n Christen. Hulle verhouding moet baie hindernisse oorbrug weens hulle geloofsverskille en dit vorm 'n aangrypende verhaal.




### *I Dared to Call Him Father* – Bilquis Sheikh

Die ware verhaal van 'n Pakistani vrou wat tot geloof in die enigste God wat sy Vader kan noem, gekom het deur drome en deur die Bybel op haar eie te lees. Die absolute eerlikheid van Bilquis se soeke na die wil van God en gehoorsaamheid is 'n groot aantrekkingskrag van die boek. Sy probeer nie om voor te gee wat sy nie is nie, maar beskryf eerder hoe God haar ('n gebreekte kruik) weer heel gemaak het. In die verloop van haar verhaal vertel sy ook van die probleme wat sy ondervind het as 'n Muslim wat tot die Christen geloof bekeer word. 'n Baie inspirerende boek.

Het u dalk 'n boek uit die kerkbiblioteek gelees wat baie vir u beteken het? Laat vir ander mense daarvan weet! Skryf 'n kort resensie vir die volgende Berg & Baai en gee dit vir Andrea Vavruch.

Al die kerkbiblioteek se boeke is aanlyn te siene by *http://www.librarything.com/catalog/ngkconstantia*

**Skryf 'n resensie vir ons!**

# JAO PROJEKTE

## WESTLAKE PROJEK

Aan die begin van die jaar het ons 'n versoek van die *Assemblies of God* se Pastoor gekry om hulpverlening in die vorm van toebroodjies, vrugte en koeldrank vir die 150 tot 200 skoolkinders wat van Maandag tot Vrydag om 14h30 by die Kerk in Lynxstraat, Westlake, per bus besorg word.

Die ouers kom die kinders by die Kerk afhaal. Ons is baie dankbaar dat ons vanaf Aprilmaand die bydraes elke eerste Woensdag in die maand daar kon besorg.



Groot dank aan die Blokouderlinge wat die insamelings doen en dit dan daar gaan aflewer. Ons lidmate werk graag saam om 'n sukses van hierdie klein maar baie welkome bydrae te maak waar daar werklik so 'n groot behoefte in hierdie gemeenskap is.






Daar is 'n kantoor ingerig waar hulle tweedehandse klere verkoop teen 'n klein bedrag om sodoende fondse te genereer. Tweedehandse-klere skenkings word opreg waardeer.

Ons het vir vanjaar 'n donateur vir die brood gekry, asook een vir volgende jaar.

Ons dank ons hemelse Vader vir dit wat Hy aan ons so mildelik geskenk het sodat ons in ander se behoeftes kan voorsien.

## DP MARAIS HOSPITAAL

'n Groepie gemeentelede het Saterdagoggend 22 Augustus by die D P Marais-hospitaal ontmoet. Saam met JAO spanlede Magdaleen Schmidt en Louis Bosch, en Hester Myburgh en studente van die Bybelskool, het ons eers koeldrank en daarna tuisgemaakte serpe en musse deur Magdaleen voorsien, aan die pasiënte wat gesond genoeg is om in die saal bymekaar te kom, uitgedeel.



Die studente van die Bybelskool het reeds van vroeg af broodrolle gesmeer en gesorg dat die worsies warm gemaak word.

Ds Theron het begin met 'n *impromptu* Bybelvasvra om die gehoor besig te hou terwyl daar gewag is vir die worsrolletjies om afgelewer te word.

Hester Myburgh het 'n kort boodskappie gelewer en Louis Bosch het dit in Xhosa oorgetolk sodat niemand agterna sou kon sê hulle het die boodskap gehoor, maar glad nie verstaan nie. Nadat die worsrolletjies ook uitgedeel is het ons die sale besoek waar die mense wat te siek is om rond te loop ook hulle deel gekry het.

Na so 'n oggend se besoek verlaat mens die hospitaal met 'n groot besef van ons geseënde lewens: dat ons nie net fisies gesond is nie maar dat ons ook op geestelike gebied geseënde lewens het.





# UITREIK SAAM MET STRAATWERK

Minnaar en Linde Fourie, Carel en Francien de Ridder, en ek, Helmien was op hierdie uitreik. Ons het Saterdagoggend, 09h00 by die Koffiekamer aangemeld, met die verstand-houding dat ons gaan werk tot 14h00. Ons was vriendelik ontvang deur Ds. Fourie Truter van die Groote Kerk wat die leiding daar geneem het. Die oggend is begin met 'n kort boodskap en gebed.



Nadat "roll call" gedoen is (om seker te maak dat almal wat vir werk moes aanmeld teenwoordig is!), is ons in spanne gedeel. Carel is saam met sy span met 'n "taxi" Seepunt Promenade toe waar hulle moes gaan werk. Francien en ek was in 'n span saam met Peter, die voorman, en twee ander werkers. Ons was elkeen toegerus met 'n onderbaadjie met die woorde "Jesus Saves" agterop, 'n handskoen en twee besems in die groep, en ook 'n paar pamflette om vir mense uit te deel wanneer hulle ons sou uitvra oor wat ons doen. Die pamfletjie wat ons kon uitgee, vertel vir die mense dat, soos wat ons die strate skoonmaak, ons lewens ook so deur die Bloed van Christus skoongemaak kan word. Vuilgoedsakke het die Voorman uitgedeel soos ons aangaan het. Ons het eers geloop tot by 'n stil plekkie om die hoek waar die Voorman al die reëls vir ons neergelê het. *"No talking to each other, except about the work, no resting, no standing against the wall, no long talks with people, give pamphlet, the work must proceed!"* Sjoe, ons voorman was kwaai, maar hy doen sy werk.



Toe het ons die strate ingevaar! Elke groep het 'n area gekry om skoon te maak, twee aan beide kante van die straat, met die Voorman wat toesig hou. Ons groep moes die strate skoonmaak tot bo by Roelandstraat! By "skoonmaak" bedoel ek papiere, blikkies en bottels optel, alles wat die strate vuil maak. Elke vol sak word dan toegebind, op die hoek van die straat geplaas waar die Munisipale vragmotors dit dan sal kom optel. Dis ontstellend om te sien hoe mense koeldrankbottels, chips-pakkies, sigaretpakkies, koerantpapier, ens. sommer net by hulle motorvensters uitgooi. En elke keer wanneer ons so 'n ent weg gewerk het, en terugkyk, kon ons sê: "Sjoe, maar die straat lyk mooi skoon!"

Daar eenkant onder die brug het iemand gelê en slaap onder 'n kombersie, salig onbewus van wat om hom aangaan. Op een stadium, terwyl ek gebukkend gestaan het om iets op te tel, hoor ek 'n stem. Toe ek opkyk, het daar 'n ou vroutjie vir my gestaan en kyk. Ek het haar gegroet en toe sê sy net: "Baie goeie oefening, Mamma, baie goeie oefening."



Hierdie projek van die Straatwerkers Koffiekamer is 'n manier om vir werklose mense 'n geleentheid gee om 'n eerbare taak te verrig waarvoor hulle betaal word, en terselfdertyd vir mense bewus te maak van die feit dat JESUS WERKLIK LEEF! Die voorman verdien R70 en die werkers R40 vir 4 ure se harde werk. Volgende keer wanneer u stad toe gaan en u sien hulle met die "Jesus Saves" onderbaadjies aan, bemoedig hulle in waardering vir wat hulle doen. Maar onthou – *"not too long, the work must proceed!"* En hou hulle op u gebedslysie, hulle is Sendelinge op 'n baie besondere en praktiese manier.

*Helmien Prins*

# WAT ELKEEN BETEKEN

**Geloofsoffer:** Hierdie offers word uitsluitlik gebruik deur die JAO-span (Jesus vir Ander deur Ons) wat omsien na ons sendelinge vir wie ons ondersteun, plaaslik en in die buiteland. Daar word jaarliks, gedurende Augustusmaand, Geloofsbeloftes hiervoor gemaak.

**Lofoffer:** Lofoffers, soos die naam sê, is 'n geldelike offer wat u bring om die Here met blymoedigheid spesiaal te bedank vir als wat Hy in oorvloed aan ons gegee het deur die loop van die jaar. Dit vind plaas in Oktober van elke jaar en is iets bo en behalwe die gewone Dankoffers – 'n Tiende in die tiende maand!

**Dankoffer:** Dankoffers is u maandelikse bydraes wat die kerkraad gebruik om ons leraars en amptenare te vergoed, ons sinodale verpligtinge na te kom, die eredienste in stand te hou, om hulp te verleen (finansieël en anders) aan behoeftige lidmate en om talle ander aksies te onderneem.

# OMDAT ONS KLEIN IS

Soos wat ek verlede keer belowe het, hier is die storietjie vir ons kleiner maatjies. Ek hoop dat julle dit sal geniet.

**ANNETTE SE GESKENK**

Vaak-vaak maak Annette haar ogies oop en wonder wat om haar aangaan. Hoekom staan almal dan om haar bed? Oupa, Ouma, Pappa, Mamma, Boetie Dawie, en die drie-jarige tweeling, Karel en Karen, en hulle almal sing vir haar: "Veels geluk, liewe Sussie, omdat jy verjaar. Mag die Here jou seën en nog baie jare spaar!" Dan onthou sy en sit vinnig regop! Sy is vandag agt jaar oud. O, dis lekker om te verjaar! Oupa en Pappa sing met hul diep stemme, Mamma met haar mooi suiwer stem, Boetie Dawie sing maar valserig, die tweeling la-la ook maar saam asof hulle tv-sterre is, en Ouma vee net trane af. Selfs Trixie, hul hondjie, staan met sy pootjies teen die kant van die bed asof hy presies weet wat aangaan. Annette gee egter nie veel om vir die singery nie, en wens hulle wil nou klaarkry, want sy wil haar presente sien, veral daardie pop wat sy bestel het!

Toe die singery verby is, sit elkeen 'n presentjie op die bed neer, met 'n gelukwensing en 'n soen. Pappa en Mamma hou hulle presentjie terug, en dit maak Annette nog meer opgewonde. Oupa se pakkie is groterig en lank. Dit is seker die pop, dink sy, die pop met die mooi aandrok aan en die pragtige lang blonde hare. maar dié pakkie lyk te plat, Haastig maak sy dit oop. Dis nie die pop nie, maar 'n stootwaentjie vir 'n pop. "Jy het so baie poppe," sê Oupa, "dat Ouma en ek gedink het jy het 'n stootwaentjie vir hulle nodig." Sy lyk nie vreeslik bly nie, maar bedank vir Oupa en Ouma plegtig. Ouma het darem vir haar 'n groot sjokolade ook bygesit. Die vyfjarige Dawie kan nie wag dat Annette sy presentjie moet oopmaak nie, en spring sommer op die bed om haar beter aan te moedig om nou gou te maak. Trots vertel hy dat hy dit self gemaak het. 'n Mooi klein houtgeweertjie lê in haar hand. "Pappa het gehelp om dit te saag, en ek het dit mooi geskuur," sê Dawie, en hy kan die trots nie uit sy stem hou nie. "Nou wat dink jy moet ek hiermee maak?" vra Annette verontwaardig. "Ek is mos nie 'n seuntjie nie!" "Ag," sê Dawie skaam en baie verleë, "ek kan nie iets anders maak nie en ek wou so graag self vir jou iets gemaak het."

Annette voel nou ook skaam omdat sy so lelik is met haar Boetie. "Skuus Boetie, baie dankie hoor, ek sal dit op my boekrak sit." sê Annette. Die tweeling trek aan Annette se arm. Hulle het vir haar die fraaiste twee geborduurde sakdoekies met 'n koekie lekkerruik seep gekoop."Hulle het hul eie sakgeld vir hierdie geskenkie gebruik." sê Mamma. Annette gee elkeen 'n soentjie en wag in spanning op Mamma en Pappa se geskenk. Dit voel asof sy wil bars en uitskreeu dat sy nou lank genoeg gewag het. Haar wangetjies is eintlik rooi van opwinding. Sy is seker dat hulle vir haar die pop gekoop het. Die ander dag toe hulle in die winkel was het sy dit vir haar Mamma gewys en vir die tannie agter die toonbank gesê om dit vir haar te hou. Eindelik breek die oomblik ook aan, maar Annette voel teleurgesteld. Dis dan 'n klein pakkie, vierkantig en platterig. Haar ouers gee haar eers elkeen 'n soen en wens haar dan geluk. Iets in Mamma se houding maak vir Annette bekommerd. Dis asof sy reeds weet dat sy nie die mooi pop wat sy so begeer, gaan kry nie. "My kind, jy is nou al 'n groot dogter en Mamma en ek het gedink die tyd het aangebreek dat jy jou eie Bybel kry. Ons vertrou dat jy gereeld daarin sal lees sodat jy daardeur altyd naby aan Jesus sal bly," sê Pappa.

"Julle kinders moet nou vir julle regmaak vir ontbyt hoor, ons het nog baie om te doen voor vanmiddag se partytjie," sê Mamma. "Jippee! Jippee! Ons gaan partytjie hou!!" kom dit van die tweeling. "Mamma, gaan daar lekkers en roomys ook wees?" vra hulle sommer so deurmekaar. Mamma glimlag maar net en buk af na Annette toe en fluister in haar oor: "Lees 'n bietjie wat staan in Psalm 23 hoor." Toe draai sy om en verlaat die kamer om die ontbyt reg te kry vir haar gesin. Annette voel sommer vies. Wat moet sy met 'n Bybel maak? Daar is soveel Bybels in hulle huis, sy het nog altyd een van hulle gebruik as sy die slag onthou om Bybel te lees, sy kan dit mos maar nog doen, en hulle hou in elk geval elke aand Godsdiens in die sitkamer na aandete. Sy het nie 'n Bybel nodig nie. Sy wou darem so graag daardie mooi pop wat in die winkel is gehad het, en sy het dit vir Mamma gesê. Sy voel lus om te huil, maar sê nogtans vir haar ouers dankie en klim uit die bed uit. Almal kan sien dat sy nie juis baie bly is oor hierdie geskenk nie. Dit is Saterdag en sy hoef dus nie skooltoe te gaan nie. Aan ontbytafel is Annette besonder stil. Mamma en Pappa loer net telkens vir mekaar maar sê niks. Na ontbyt help sy vir Mamma om die kombuis skoon te kry, en om dinge reg te maak vir die partytjie van die middag. Mamma het al omtrent alles gedoen om dit vir haar 'n lekker partytjie te maak, tog kon Annette nie heeltemal opgewonde raak nie, maar sy weet dit gaan haar niks help om met haar ouers te baklei nie, sy sal maar haar lot moet aanvaar.

Sy was bly oor die maatjies wat gekom het, en het vir 'n tydjie vergeet van haar hartseer. Hulle het heerlik gespeel, sy het mooi presente gekry en nadat hulle lekker gesmul het aan die lekker eetgoed, het hulle die swembad bestorm. Dit

was werklik die hoogtepunt van die partytjie, want in die swembad kon hulle raas en speel soveel as wat hulle wou. Sy het 'n lekker tyd gehad, maar sy was tog ook bly toe die partytjie eindelik verby is en sy weer alleen kon wees. Die aand was nie een van hulle vreeslik honger nie, want hulle het te veel soetgoed geëet. Mamma het net toebroodjies gemaak wat hulle geniet het terwyl hulle televisie gekyk het. Daarna moes hulle almal gaan bad, van die kleinste tot die grootste en regmaak om te gaan slaap. Annette sit op haar bed en kyk na die Bybel wat op haar bedkassie lê. Sy is steeds baie teleurgesteld. Sy kan ook nie glo dat haar liewe Mamma nie hierdie keer vir haar presies gegee het wat sy gevra het nie.

"Waarom kan 'n mens nie altyd kry wat jy wil hê nie? Dink net hoe lekker sal dit wees en almal sal dan so gelukkig wees. Ag, ek wens ek was al groot, dan kan ek vir my koop net wat ek wil hê," praat sy sommer hardop met haarself. Sy wou net inkruip toe Mamma haar kamer binnekom. "Het jy al in jou Bybeltjie gelees, my kind?" vra Mamma, terwyl sy langs Annette op haar bed kom sit. "Nee Mamma," sê Annette, en sy klink nog redelik omgekrap, "ek wou só graag die pop gehad het, ek het mos vir Mamma gesê." Annette se stemmetjie bewe nou al behoorlik. "Ja, Annette, jy het vir ons gesê," sê Mamma, "maar jy het reeds vyf poppe en jy speel nie gereeld met hulle nie. Jy pas hulle ook nie goed op nie. Verlede week nog moes ek jou een pop red uit die swembad nadat Trixie haar beetgekry het. Nog 'n pop sou net geldmors gewees het." Annette sê niks, want sy weet dis waar wat Mamma sê. "Kom ons lees Psalm 23, dan hoor jy hoe mooi is dit," sê Mamma en begin om die Psalm te lees. "Die Here is my Herder, ek kom niks kort nie.........."

"Jy sien, my kind, ons moet vir die Here baie dankie sê vir alles wat ons het, voordat ons kla oor wat ons nie het nie. As ons weer te veel van die een ding het, en niks van die ander nie, is dit ook nie goed nie. Vir ons is dit die belangrikste om te weet dat ons God se kindertjies is, maar om Sy kindertjies te bly, moet ons gereeld Sy brief aan ons, die Bybel lees en met Hom gesels in die gebed. Op die manier sal ons ook leer hoe die Here wil hê dat ons moet leef, want Hy sê in Mattheus 6:33 dat ons eers die Koninkryk van God moet soek, dan sal al die ander dinge vir ons bygevoeg word, nie altyd die dinge wat ons wil hê nie, maar die dinge wat Jesus weet dat ons nodig het." "Wat beteken dit, Mamma?" vra Annette. "Hoe moet ons die Koninkryk soek? Is God dan nie in die Hemel nie? Ons weet mos waar dit is, daarbo iewers tussen die sterre!" Mamma glimlag. "Om eers die Koninkryk van God te soek, beteken dat God vir ons die heel belangrikste moet wees, belangriker as die pop wat jy wou hê, om baie tyd met God deur te bring deur gereeld jou Bybel te lees en te bid, om hier op aarde te leef soos kinders wat vir Jesus baie lief is, om Hom te vertrou dat Hy altyd die beste weet. Dit beteken ook om aan Hom gehoorsaam te wees." "Maar Mamma," sê Annette, "ek is mos nie regtig stout nie, ek gaan Kinderkrans toe, ek gaan Kerk toe en Sondagskool toe, en ek ken mos vir Jesus."

"Ja Annette, dis waar wat jy sê," sê Mamma geduldig, "al die dinge is goeie dinge, maar onthou jy wat net-nou by jou partytjie gebeur het? Jy het amper die arme Deon uit die aarde geloop omdat jy eerste roomys wou hê, en jy het nie eers vir hom om verkoning gevra nie. Jy baklei ook gereeld met Lynette wanneer sy met jou poppe wil speel. Sy het nie 'n Pappa nie, en haar Mamma kan nie altyd vir haar koop wat sy wil hê nie. Dis die klein dingetjies wat ons doen, wat maak dat ons maatjies sal weet dat ons regtig kindertjies van God is. Die Bybel sê dat ons vir almal moet lief wees. Dis hoe ons ons liggies kan laat skyn, soos ons by die Sondagskool sing." Annette laat haar kop sak. Sy voel nou baie skaam, want sy dink aan die baie kere wat sy ook geweier het dat hulle bure se dogtertjie, Lynette, wat saam met haar in die klas is, met haar poppe speel, want sy is bang dat sy hulle sal breek of vuil maak. Sy besef nou dat sy baie selfsugtig is. Vir 'n paar oomblikke is dit stil in die kamer.

Skielik kry Annette 'n blink gedagte! Mamma," sê Annette opgewonde."Dink Mamma dat ek een van my poppe vir Lynette kan gee? Sy sê altyd dat haar ma sê dat hulle nie geld het vir onnodige goed nie." "Dis 'n wonderlike gedagte, Annette," sê Mamma. "Maar nou gaan ons eers saam bid en dan moet jy slaap, want ons moet môre-oggend vroeg opstaan vir Kerk en Sondagskool." Saam kniel Ma en dogter by die bed en elkeen doen 'n gebed. Mamma help vir Annette om in die bed te klim en gee vir haar 'n drukkie en 'n nagsoentjie. Annette se hartjie voel nou baie bly. Sy is nog jammer oor die mooi pop wat sy nie het nie, maar is bly dat sy môre iemand anders se hartjie ook bly kan maak.

"Dis seker wat Jesus bedoel wanneer Hy sê dat sy haar liggie moet laat skyn," dink Annette. "Ek moet tog onthou om môre vir Mamma te vra, want Mamma ken al die antwoorde." Sy is so bly dat sy 'n Mamma en Pappa het wat vir haar baie lief is, maar belangriker nog dat Jesus altyd vir haar lief sal wees, al doen sy partykeer verkeerde goed, en al is sy partykeer so ondankbaar en selfsugtig soos vandag. Annette verstaan alles nou beter. "Dankie Liewe Jesus vir my Bybel," sê sy nog vir oulaas in die donker terwyl sy 'n lang gaap gee. Gou-gou het sy rustig aan die slaap geraak.

***Die vrug van die Gees, daarteenoor, is ... goedhartigheid ...***

# Ds IZAK L DE VILLIERS (1936 – 2009)



Izak de Villiers is op 30 Julie 1936 in die Paarl gebore waar hy 'n leerder aan die Paarl Gimnasium was. Hy behaal die grade BA, BAHons, MA en die Lisensiaat in Teologie, alles *cum laude*, aan die Universiteit van Stellenbosch.

**1960** Hy trou met Rina Visser. Uit die huwelik word twee seuns, Louis en Jacques, gebore. Die egpaar het 'n aangenome dogter, Chérie, en twee kleinkinders.
**1963 – 1968** Hy begin as predikant by sy eerste gemeente, die NG gemeente Albertinia in die Suid-Kaap.
**1969 – 1972** Hy bedien die NG gemeente Bonnievale.
**1972** Sy eerste digbundel, *Leitourgos*, die eerste digbundel in Afrikaans deur 'n predikant oor die bediening, verskyn. Ses ander bundels het later gevolg.
**1973 – 1982** Hy is predikant by die NG gemeente Constantia.
**1983 – 1991** Hy is redakteur van die vrouetydskrif *Sarie*. Hy skryf vir 31 jaar die agterbladrubriek vir die tydskrif.
**1986** Hy ontvang die Andrew Murray-prys vir sy boek *Depressie, die siekte van ons tyd*.
**1980** Hy ontvang die Credo-prys vir Christelike lektuur vir sy boek *Leviet en vreemdeling*.
**1991 – 1997** Hy is redakteur van die Sondagkoerant *Rapport*.
**1997 – 2009** Hy skryf heeltyds. Sy *memoires, Strooidak en toring*, het in Julie vanjaar verskyn.

Bron: Litnet, soos saamgestel deur Kerneels Breytenbach.

*- Die Burger, 28 September 2009*




N.G. GEMEENTE, CONSTANTIA

ONTVANGSPROGRAM

Ds. en Mev. I. L. de Villiers

VRYDAG, 19 JANUARIE 1973
In die N.G. Kerk, Zwaanswyk





Izak de Villiers, welbekend as digter en skrywer, uitsaaier, TV-persoonlikheid, tydskrif- en koerantredakteur, kyk in sy sewentigerjare terug op 'n lewe en loopbaan wat met hoogtepunte besaai is.

Meestal is hierdie los vertellings gefokus op spesifieke mense: Pa en Ma in die Paarl, groot figure onder wie hy gewerk het, soos Piet Cillié en adv Lang Dawid de Villiers, of wat sy pad as joernalis gekruis het, soos Jimmy Kruger, PW Botha, FW de Klerk, Margaret Thatcher, Jimmy Carter, Dalene Matthee, Audrey Blignault, die redakteur van *Prawda*, en talle ander.

Hy draai nie doekies om nie, vertel uitgesproke en eerlik van die goeie en die slegte van mense, ook van homself. In die proses kom 'n skerp beeld van 'n sensitiewe en hoogs intelligente mens na vore, soms iemand met profetiese visie, soms iemand wat nie mooi inhaak by die wêreld nie, maar altyd iemand wat deur die wêreld loop en soek na antwoorde. As 'n binne-blik op Naspers, van iemand wat terselfdertyd van die binnekring én 'n buitestander was, is ***Strooidak en toring*** noodsaaklike leesstof vir wie in die laaste jare van die ou bedeling bewustelik gelewe het.

